

History and the Africana Museum, Johannesburg; the McGregor Museum, Kimberley; and especially the staff of the Royal Engineers Library, Chatham, England.

Colonel Andy Malan of the Fort Klapperkop Military Museum, Pretoria, and Mr Tom Andrews, also of Fort Klapperkop and of the Old Pretoria Society.

The Automobile Association of South Africa for permission to reproduce the maps used in this article.

And, lastly and most importantly, my friends Barrie Thomson and David Panagos for accompanying me on many field trips, for their patience in waiting for long periods while I measured and took notes and for standing to give scale to my photographs; and my wife Jill for putting up with my frequent absences, for washing my filthy clothes after field trips and for taking me to hospital on one occasion following a disagreement with a barbed wire fence (this is indeed a hazardous hobby!).

Author's note

The author wrote this article three years after leaving the Pretoria area and a further two years have elapsed whilst it waited in the queue for publication in "Pretoriana". Moreover, some of these blockhouse sites, being fairly remote, have not been re-visited by the author since the early 1980s. Changes in the condition, and even the existence, of some of the structures described may have occurred in the intervening period, and the author will be pleased to learn of such changes from readers to update his records.




Plate I - Voortrekkerhoogte



Plate II - Nooitgedacht West

Photographs by R. Tomlinson




Plate III - Hekpoort




Plate IV - Warmbaths

Photographs by R. Tomlinson





Plate V - Broederstroom




Plate VI - Johnston's Redoubt, Pretoria

Photographs by R. Tomlinson



Map 1 - Blockhouse locations in Greater Pretoria, from Automobile Association's Map of Greater Pretoria



Map 2 - Blockhouse locations in the Tlokoeng westpoortdam area from Automobile Association's Map of Great Pretoria

Map 3 - Blockhouses on Magaliesberg west of Pretoria during the Anglo-Boer War 1900-1902



Map 3 - Blockhouse locations in the Hekpoort, Nooitgedacht and Broederstroom areas from Automobile Association's Map of Greater Pretoria. Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2011

FIG. 1 - Hekpoort




FIG. 2 - Daspoortrant West (No. 35)






FIG. 3 - Johnston's Redoubt




Three plans of blockhouses built during the Anglo-Boer War 1900-1902, Figures 1, 2 and 3
Blockhouse plans drawn by R. Tomlinson


FIG. 4 - Kommandonek East




(a) Lower Blockhouse



(b) Middle Blockhouse



(c) Upper Blockhouse



Three plans of the blockhouse upon Kommandonek East on Magaliesberg west of Pretoria, built during the Anglo-Boer War 1900-1902

Blockhouse plans drawn by R. Tomlinson

CENTENARY OF THE PRETORIA PORTLAND CEMENT COMPANY LTD

In 1992 it was hundred years ago that the Pretoria Portland Cement Company was founded. Until 1908 its name was "De Eerste Cement Fabrieken". The Company celebrated in 1992 and invited the members of the Pretoria Historical Association to a visit on Wednesday, 29 June 1992. About 50 members accepted the amiable invitation.

The board of the Association congratulates the Company with the celebration of its first 100 years and publishes with pleasure two documents regarding the business and history of the Company, which were received by the board.

Introduction

PPC (Pretoria Portland Cement Company Limited) was established in 1892 and listed on the Johannesburg Stock Exchange in 1910. The group manufactures and distributes cement, lime, limestone products and paper sacks and supplies about 45 percent of South Africa's requirements of cement.

The Hercules plant, the oldest factory in the group, was built in 1890 at Daspoort. Today the Hercules factory has a capacity of 580 000 tons of clinker per annum, which over 250 loading days is equivalent to nearly 60 000 bags of cement despatched per day on average. The estimated replacement value of the plant is R500 000 000.

Employment is provided to a work force of 238 employees. Accommodation for single employees is provided for on the premises and some of the married employees are housed in the nearby village and in surrounding areas. Housing assistance is given to all home owners.

PPC values all its employees and encourages their development. The company believes in equal opportunity and subscribes to a carefully formulated code of employment practice. Productivity achievement - bronze 1990/silver 1991.

Occupational health and safety are priority issues and the factory was graded by NOSA (National Occupational Safety Association) as a five-star operation. Our aim is a zero I.F.R. at all times. We have won the SACPA competition in 1991 and Northern Transvaal SEE competition 1991.

Extensive systems and methods are used to assure monitor and control quality. Exceptional care is taken to satisfy customers requirements. Our products comply with SABS specifications.

Brief history

1890 The original plant was built at Daspoort 1,5 km from the present site. The official opening under the name "De Eerste Cement Fabrieken" was performed by President Kruger.

1904 First rotary kiln installed. The length being 21,3 m and the diameter 2 m. This kiln was later dismantled and re-erected as the first kiln at Slurry, where it went into production in 1916.

- 1905 Cement packer in 94 lb paper sacks. These replaced the 376 lb wooden casks and 188 lb sacks used up to this time. The sacks were imported from U.S.A.
- 1906 Production started at the Hercules plant with the installation of No. 1 kiln. The length was 38 m, diameter 2,4 m and output 5 t.p.h. It was made by Allis-Chalmers, U.S.A.
- 1908 The company name was changed to Pretoria Portland Cement Company Limited.
- 1912 No. 2 kiln commissioned (identical to No. 1).

About this time the plant at Daspoort was closed down. It was 40 years before the next kiln was installed at Hercules. During this period the company expanded by starting up further manufacturing plants as follows:

- 1916 Slurry, near Mafikeng
- 1921 De Hoek (Cape Portland Cement Company Ltd.)
- 1928 Port Elizabeth (Eastern Province Cement Company Ltd.)
- 1937 Jupiter, East Rand
- 1948 Orkney
- 1952 No. 3 kiln commissioned.
- 1956 Portland Blastfurnace Cement introduced on the market. First sales of cement in bulk.
- 1962 Installation of Unidan cement mill, slag drying plant and new packing plant.
- 1966 During June kilns 1 and 2 were finally shut down and kiln 4 was commissioned.
- 1971 With metrication, the 94 lb paper sack was replaced by the present 50 kg sack.
- 1972 Installation of Sonex cement mill and new wagon tippler.
- 1974 No. 5 kiln and integrated raw milling plant commissioned. On 27 September the kiln 5 plant was officially opened by the Administrator of the Transvaal, the Hon. S.G.J. van Niekerk.
- 1979 Installation of X-ray spectrometer for chemical quality control. New 12 ton overhead crane for clinker store commissioned.
- 1985 Dwaalboom factory produced its first clinker. The factory was built in the north at a cost of R160 million.
- 1991 Installation of automatic bag places at fluxo packers replace hand method of bag placing.
- 1992 PPC celebrates its centenary

thedral organist. He accepted the position and remained Cathedral organist for 42 years.

In 1926 when Charles became organist, the choir then consisted of about 50 members: twenty boys, sixteen men and plenty ladies.

An amusing incident related by Charles

One Sunday while his brother Tom - who was ordained - was taking the eucharist he received a note on which to start which he thought was strange. However, he took it and commenced to sing. It was discovered afterwards that Dean Gordon's cow had strayed into the Cathedral, wandered in behind the organ and let out a loud "mooo". It was from this that brother Tom had pitched his note.

Rev. Morris started a class known as "The Catechism". It was a glorified Sunday School for persons over the age of 12. There were over 200 members, the eldest about 50 and Charles' future wife was the star pupil.

The Cathedral choir joined the English Church Music in 1926. Another amusing incident Charles remembered was Geoffrey Carlisle choosing hymn 203 which Charles refused to play - after pointing out that the manager of the Billiard Saloon were in church and the hymn started with these lines:

What are these that glow from afar

These that lean over the Golden Bar.

When the south wall of the Cathedral was demolished in 1927 a badly damaged plaque was found in a rubbish heap at the PWD yard. The plaque was restored and is now on the wall of the clousters in memory of George Irving Davies, a member of the Cathedral cricket club who died 31 October 1886 aged 31 years. At this time an effort was made to restore the Cathedral. It was infected with boreworm as most of the building was wood.

In 1932 Mr Yates and Charles collected a mixed choir of 100 voices. This carried on for many years. In fact I joined in the 1960's and we were a dedicated and happy choir pulling on - at different venues - Handel's, Bach's and Dvorak's works.

The special choir sang Handel's Messiah at the opening of the new Pretoria City Hall in December 1935. The choir boys had good times sports, week-long picnics, visits to St Mary's Johannesburg, Eisteddfods. At the latter they won, and also during the war 1939-45 the Cathedral choir was joined by men from the armed forces, from which the choir greatly benefitted.

The original organ was presented to the Cathedral by Mr H.W. Struben in 1855. While overseas he visited the organ makers and chose a fine instrument of Messrs Bevington who had constructed over 2000 organs for Parish churches. This organ remained in use until most of it was destroyed in the fire of 1956.

The specifications for the new organ was drawn up by Mr Yates of the Presbyterian Church and Charles. This was pre-

pared by the South African organ builders with the cooperation of the Cathedral architect, Mr. E.W.N. Mallows.

On Monday evening 27 January 1958 a special service was held at which the new organ was dedicated by the Lord Bishop of Pretoria, the Right Reverend Robert Selby Taylor. The opening recital was given by Pro Gervut Bon. Two hymns composed by Pro Bon were played as an appreciation of the friendship he had with Charles.

The Cathedral organ is noted as one of the best in South Africa. May it be played for many, many more years.

The choristers prayer

Bless oh Lord us thy servants who minister in thy temple.
Grant that what we sing with our lips, we may believe in our hearts and what we believe in our hearts, we may show forth in our lives, through Jesus Christ our Lord.

-o-



Die burgemeester van Pretoria in die jaar 1993/94, Raadslid N. Stofberg, oorhandig die sertifikaat van verdienste aan Mevrou Cecile de Ridder in die Sammy Marks-sentrum op 16 November 1993

Foto: Afdeling Openbare Betrekkinge van die Stadsraad van Pretoria

AANWYSING VAN EREBURGERS VAN PRETORIA IN 1993

deur C. de Jong

Namens die Stadsraad van Pretoria is op 19 November 1993 vir die derde maal verdienstelike Pretorianers tot "uitblinker in voortreflikheid" van ons stad benoem. Die burge-meester van Pretoria, die Edelagbare Heer N. Stofberg, het sertifikate van verdienste aan die ereburgers mevrou Cecile de Ridder, meneer Willie Labuschagne en doktor Ruben Rutowitz oorhandig. In November 1992 is Dr. N.A. Coetzee, voorsitter van ons Vereniging, en mnr. T.E. Andrews, bestuurslid van ons Vereniging, op hierdie wyse vereer.

Mevrou Cecile de Ridder gebore Punt is 'n suster van Dr. Willem Punt, stigter van ons Vereniging, van die Stigting Simon van der Stel en die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika). Sy het heel veel bygedra tot die ontwikkeling van volkspele in Suid-Afrika. Sy het op 15 November 1993 92 jaar geword en is nog helder van gees en wel ter tale. Sy het in 'n geestige toesprake die Stadsraad namens haar en die twee ander ereburgers, en sommige van haar familie en vriende bedank.

Mnr. Richard Searle het haar lewenskets gepubliseer in "Pretoriana" no. 103 in Julie 1993. Die lewenskets is met twee ander artikels van hom oor mevrou De Ridder gedruk in 'n brosjure wat as oordruk van "Pretoriana" met die omslag van no. 103 verskyn het. Die publikasie van haar lewenskets het bygedra tot haar benoeming tot ereburgeres. Van ons bestuurslede het Dr. N.A. Coetzee, mnr. T.E. Andrews en Dr. C. de Jong redakteur van "Pretoriana", met hul eggenotes die uitreiking van sertifikate tydens 'n feesdinee in die Sammy Marks-sentrum aan Vermeulenstraat bygewoon.

Hieronder volg die commendatio's van die nuwe ereburgers. Die bron is die Stadsraad se program vir die oorhandiging van die eretoekenning "Uitblinker in voortreflikheid" op 19 November 1993. Hierdie benaming is oorgeneem uit die wapenspreuk of motto op die stadswapenskild: "Praestantia praevalat Pretoria"; dit beteken: Mag Pretoria uitblink in voortreklikheid.

Mev Cecile de Ridder (kultuur)

Mevrou Cecile de Ridder is op 15 November 1901 in Arnheim, Nederland, gebore.

As 12-jarige ontvang sy in Nederland by Jacoba van der Pas opleiding in die klassieke dansvorm wat deur die befaamde Isadora Duncan ontwerp is. As 15-jarige het Cecile dié onderrig aan kinders sowel as volwassenes gegee.

Gee van 1938 tot 1953 klas aan jong kinders in die klassieke dansvorm, wat sy ritmiese bewegings noem.

Sy stig die Jakaranda Volkspellelaer in 1941. Van 1942 tot 1952 bied sy 38 volkspelekursusse oor die hele land asook in Rhodesië aan.

In 1945 verskyn haar volkspelehandleiding getiteld "Nuwe spele" waarin egte Afrikaanse volkspele vir die heel eerste

keer verskyn. Van 1946 tot 1953 bied sy volkspelevertonings aan by die Pretoriase Jakarandafeeste.

Met die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949 neem sy die leiding van die massavolkspelevertoning en ossewatablo deur 2000 volkspelers. Ook betrokke by volkspelevertonings by die Van Riebeeck-fees in 1952 en die Pretoria-eufees in 1955.

In 1955 verskyn haar tweede volkspelebundel.

Gedurende die veertigerjare produseer sy by vyf geleenthede 'n kersspel, wat sy self geskryf het, by die Child Welfare Society se destydse kinderhawe in Pretoria-Wes. Sy was ook lid van die Bond van Ooms en Tantes wat vir die kinders se sakgeld en noodsaaklike bykomstighede gesorg het.

In 1970 stig sy die Peter Cruse-gedenkfonds waaruit twee musiekinstrumente jaarliks aan verdienstelike leerlinge van die Worcester Skool vir Blindes verskaf word. In die ses-tigerjare doen sy baie om Pretoria aan besoekende buitelanders bekend te stel.

Selfs in haar goue negentigs is sy nog hart en siel met die wel en wee van die Afrikaner gemoeid en leef sy steeds haar leuse uit, naamlik: "Doen iets, hoe gering ook al".

Dr Reuben Rutowitz (business)

Reuben Rutowitz, entrepreneur par excellence and master of the money, share capital and property markets, was obliged to give up his university career and take over his father's business venture at an early age.

As a businessman of note, he gave of his talents, skills and leadership abilities to the business community, which assured him of a prominence in the community seldom encountered. Although he was never a farmer, a keen interest in agriculture confined his own business interests to the wheat industry. In 1948 he was first elected President of the Northern Transvaal Chamber of Industries and 45 years later now holds that position for the fourth time.

In the early sixties he became President of the Transvaal Agricultural Society and throughout his career was President or Chairman of a number of Committees and Associations such as the National Chamber of Milling, the Pretoria and Northern Transvaal Boards of the Perm Building Society, the Pretoria Club and the Harlequins club as well as a member of the Wheat Board.

Despite a heavy burden owing to his own business interests, he is involved in community service, in particular regarding the less privileged, the handicapped and the aged and served on the City Council of Pretoria for 21 years.

He has also served as a member of the Council of the University of South Africa, and made such an outstanding contribution that he was presented with the Honorary Award for Outstanding Service. Earlier this year Unisa conferred an honorary Doctorate in Commerce on him.

**LEWENSKETS VAN DS. PIETER VAN DRIMMELLEN,
1873 -1919 (I)**

deur C. de Jong

Die dorp Drimmelen as bakermat

Drimmelen is die naam van 'n dorp en 'n ambagsheerlikheid (plattelandsdistrik) wat in die Middeleeue ontstaan het en geleë is aan 'n tak van die rivier Maas. Die tak heet nou Bergse Maas na die aanliggende stad Geertruidenberg. Die naam Drimmelen is miskien afgelei van drempel (ook "rim"), dit is rand of riggel. Die dorp en die stad is naamlik geleë aan die rand van sandgronde van Brabant waar hulle grens aan die laere rivierdeltagebied. Die dorp is vir die eerste maal vermeld as paroggie in 1285; blykbaar was daar toe al 'n kerk gebou. Die ampsheerlikheid is genoem in 1312. Dorp en heerlikheid was waarskynlik ouer as wat die jaartalle aangee.

Geertruidenberg en die naburige Drimmelen was in die grensgebied van die graafskap Holland en daarvan geskei deur die Grote of Zuidhollandse Waard, 'n uitgestrekte polder met veel grasland en beesteelt. Geertruidenberg het 'n lewendige beestemark gehad. Handel en vervoer van slag- en melkbeeste was ook hoofbestaan van die inwoners van Drimmelen. Maar in 1421 het die berugte Sint Elizabethsvloed die Grote Waard oorstroom. Slegs 'n deel daarvan is herwen en dit heet nou die Land van Altena. Die orige deel het 'n onbeboude gebied van waterlope en moerasse geword tot vandag toe en heet die Biesbos. Die dorpie Drimmelen het ondergeloop en is prysgegee. 'n Nuwe dorp is op hoë grond aangelê en later Oud-Drimmelen genoem, omdat later digby Nieuw-Drimmelen ontstaan het. Die inwoners moes ná die vloed oorskakel van teelt, handel en vervoer van beeste na bedrywighede op die Maas en in die Biesbos as hoofbestaan, naamlik vissery van salm, steur en elf en vervoer van persone en vrag. Soos voorheen het die naburige riviere na die gewes Holland gelei en Geertruidenberg en Drimmelen het, ondanks hul na die vloed geïsoleerde ligging, op Holland georiënteerd gebly. Die vissery het in die 18de en veral 19de eeu afgeneem en die riviervervoer het daarom in betekenis toegeneem. Ook het inwoners van Drimmelen na elders getrek of geëmigreer. In die Tagtigjarige Oorlog (1568-1648) was Geertruidenberg 'n belangrike grensstad van die opstandige gewes Holland en die stad is militêr beset gehou. As gevolg het die meeste inwoners van die stad en van Drimmelen van die Rooms-Katolieke tot die Gereformeerde godsdiens oorgegaan.¹⁾

Die dokumente oor die voorouers van Ds. Pieter van Drimmelen gaan terug tot die 18de eeu. Onder hulle was mans van opeenvolgende geslagte wat hul inkomste in die vragvaart na en van die lewendige hawestad Rotterdam gekry het. Een van hulle was skipper op 'n veerboot - 'n sogehete beurtskip - wat tussen die klein stad Willemsstad, stroomafwaarts van Drimmelen, en Rotterdam, gevaar het. Sy naam was Govert van Drimmelen, gebore in 1798 en in 1826 getroud met mejuffrou

Van Weele. Hulle het vyf kinders gekry. Die oudste seun is gewoonlik ook Govert gedoop, want die familie was en is tradisievas.^{1a)}

Govert het sy oudste seun Govert Cornelis (1826-1896) op sy skip geneem om sy beroep te leer. Maar die seun het 'n ander beroep as dié van sy voorgeslag verkies en 17 of 18 jaar oud na 'n jutehandelaar te Liverpool in Engeland gegaan om boekhou en die handel te leer. Die handel en die avontuur het hom meer gelok. Hy het geëmigreer na Noord-Amerika en noodgedwonge as matroos op 'n veerboot op die Hudson-rivier by New York gevaar, dus sy beroep in Nederland weer opgevat. Toe in 1849 goud in Kalifornië ontdek is en 'n goudstormloop - die "Gold Rush" - daarheen ontstaan het, het Govert Cornelis daaraan deelgeneem. Volgens die familie-oorlewing het hy op die goudvelde 'n fortuin vergaar.²⁾

In die jare 1850-1859 is goud ontdek in Victoria en Nieu-Suid-Wallis in Australië. Ondanks sy nuwe rykdom het Govert Cornelis na Australië gegaan om ook daar goud te vind. Hy was daarmee blykbaar onsuksesvol. Inmiddels het sy broer Nicolaas hom by hom aangesluit. Belangstelling vir musiek is eie aan sommige lede van die geslag Van Drimmelen en hulle het saam 'n handel in musiekinstrumente begin, waarskynlik in een van die groot hawestede van Australië. Na 'n verblyf van sewe jaar in Australië het die broers geëmigreer na Java, hoofeiland van Nederlands Oos-Indië. Nicolaas is in Batavia oorlede. Govert Cornelis het 'n handelsaak - vermoedelik 'n "algemene winkel" - in Tegal op die noordkus van Java geopen. Hy is omstreeks 1865 op Java getroud met Petronella Bernardina Charlotte Wiggers, gebore te Groningen in 1847 en net soos hy oorlede in Rotterdam. Sy was die dogter van 'n Nederlandse leëroffisier in Oos-Indië en blykbaar van 'n goeie familie. In Tegal is hul volgende kinders gebore: Cornelis Godefridus (1866), Hendrikus (1867), Nicolaas (1869), Albert (1872), Pieter (1873), hoofpersoon van die onderhawige lewenskets, Jan (1875) en Willem (1877). Na die vestiging van die gesin te Rotterdam in 1879 is daar gebore Bernard (1879), Karel (1881) en Anna Adriana, die enigste dogter en laaste kind, in 1883.³⁾

In 1879 het Govert Cornelis sy handelsaak te Tegal verkoop en met sy gesin na Nederland teruggekeer omdat hy daar aan sy kinders 'n beter opleiding en loopbaan as wat in Oos-Indië moontlik was, wou verskaf. Hy het hom met sy eggenote, wat in blye verwagting was, sewe kinders, huisraad en ander besittings op 17 Junie 1879 te Batavia (tans Jakarta) ingeskeep op die skip 'Overijsel' wat deur die Suezkanaal na Rotterdam sou vaar. Na 'n vaart van 17 dae het die skip snags by Kaap Guardafui in Somaliland op die "Hoorn van Afrika" aangekom. Die skeepvaart is daar gevaarlik weens talle ondieptes en sterk seestrome, die skip het 'n verkeerde breedte gevolg en nie die Straat van Babel Mandeb na die Rooi See ingevaar nie, maar by die Kaap gestrand. Die oseaan was blykbaar kalm en die meeste opvarendes het behoue aan land gekom, uitgesonderd twee seelui wat verdrink het deurdat hul sloep omgeslaan het - waarskynlik vanweë die sterk branding.

Die bekende skrywer C. Louis Leipoldt skets in sy reisverslag "Uit my Oosterse dagboek:⁴⁾ die volgende afskrikwekkende beeld van Somaliland wat hy in 1911 verby gevaar het op weg na Oos-Indië: " 'n Bietjie verder gryns Kaap Guardafui, een van die gevaarlikste plekke hierlangs, want die stroom is daar geniëpsig sterk. Tog kan daar geen ligskip of vuurtoring stand hou nie, want die kus is ewe onveilig (as die see). Die arme seeman wat hier strand, word deur die inboorlinge vermoor op gruwelike wyse - en dit nieteenstaande die feit dat die Italiaanse regering in daardie tyd 'n jaarlikse 'bloedloon' aan die inboorlinghoofde betaal het om sulke mense te beskerm." Hy bedoel met bloedloon geld wat op 'n onbarmhartige wyse as bloedgeld verkry is.

Opvarendes van skepe moes by Kaap Guardafui die gevare van sowel die see as die land trotseer. Die land was ongasvry weens die droë klimaat en geringe vrugbaarheid en weens die nomadiese, roof- en moordsugtige inwoners. Govert Cornelis van Drimmelen en sy gesin het veilig op die strand gekom, maar al hul besittings aan boord verloor want die inboorlinge het hulle dadelik van die gestrande skip en die inhoud daarvan meester gemaak. Gelukkig is die lewe van die skipbreukelinge gespaar en het hulle hulp na veiligheid gekry - ongetwyfeld teen betaling van 'n ruim vergoeding, moet ons aanneem.

Een van die seuns Van Drimmelen, Pieter, was tydens die skeepsramp 6 jaar oud. Hy het 15 jaar oud in die middelbare skool te Rotterdam 'n opstel geskryf, waarin hy die Van Drimmelens se lotgevalle na die skipbreuk tot hul veilige aankoms in Aden beskryf, 'n Vertaling daarvan in Afrikaans is in 1953 gepubliseer.⁵⁾ Daaruit blyk die jeugdige Pieter se goeie opmerkingsgawe en geheue, want die meeste feite lyk waarheidsgetrou. Die haglike avontuur het goed afgeloop, afgesien van die verlies van al hul besittings. Die Somaliërs het die skipbreukelinge redelik goed behandel en hulle te voet weg van die waterlose kus na 'n oase met water in die agterland gebring om op verdere vervoer te wag. Tolke was nie beskikbaar nie, gebaretaal moes help. 'n Britse stoomskip het intussen verby die ongelukskip gevaar, die wrak van die gestrande 'Overijsel' waargeneem, die skipbreuk na Aden berig en die reis na Mauritius voortgesit sonder om na die skipbreukelinge te informeer. Die Nederlandse konsul in Aden het die hulp van die plaaslike Britse outoriteite ingeroep en gekry. 'n Britse offisier, 'n skrywer en 'n Bengaalse tolk het omstreeks 15 September 1879 by die skipbreukelinge aangekom en kamele⁶⁾ van die Somaliërs gehuur om daarop die skipbreukelinge na die kus teenoor Aden te vervoer. Daar het die skip 'Dagmar' van die Britse marine op hulle gewag en na Aden gebring. Die jong Pieter van Drimmelen beskryf - moontlik gehelp deur sy ouers se herinneringe - in besonderhede die ongemaklike, maar boeiende rit op skommelende kamele met onverskillige Somaliërs as drywers deur die steppe en halfwoestyn. Vyf dae na hul aankoms in Aden het die Van Drimmelens hulle daar ingeskeep op die Nederlandse skip 'Madeira' (Madura?). Dit was onderweg van Oos-Indië na

Nederland. Hulle het aan boord bekendes uit Oos-Indië weer-
gesien en via die Suezkanaal en Napels na Nederland gevaar.⁵⁾
Die familiegeskiedenis vermeld nie in hoever hul aansienlike
verlies aan besittings as gevolg van die skipbreuk deur
versekering vergoed is nie.

Verblyf in Rotterdam

Govert Cornelis het hom met sy gesin op 15 Oktober 1879
as inwoners van Rotterdam laat inskryf.³⁾ Hy het vermoedelik
dié stad gekies omdat die dorp Drimmelen vanouds bande met
die stad onderhou het en daar dorpsgenote gevestig was. Hy
het 'n klein seepfabriek begin en daarmee sy talryke gesin
onderhou. Hy en sy eggenote het naamlik in Rotterdam Bernard,
Karel en Anna as hul kinders bygekry en hul kroos was toe
tien in aantal.

Vader Van Drimmelen het ooreenkomstig sy voorneme sy
kinders na goeie skole gestuur om hulle vir beroepe te
bekwaam. Volgens die familie-oorlewering (wat nie altyd
bevestig kan word nie) het hy hulle ook verplig om 'n ambag
te leer. Nicolaas het die vak van pianostemmer geleer, wat
verwys na die belangstelling vir musiekmaak by sommige Van
Drimmelens. Willem het die vak van horlosiemaker geleer en
Pieter die ambag van skoenmaker. Dit is nie bekend of hulle
die ambagte daadwerklik uitgeoefen het nie, maar ons mag
aanneem dat Pieter en Willem hierdie vakbekwaamhede tydens
die oorlog in Suid-Afrika in 1899-1902 goed kon gebruik,
indien die familie-oorlewering reg is.

Pieter is op 9 November 1873 in Tegal op Java gebore en
het in 1887-1893 vyf jaar die bekende Erasmusse gimnasium
in Rotterdam besoek.⁷⁾ Die gimnasiumopleiding in Nederland
duur ses jaar en lei op vir die universiteit. Die onderrig
omvat talle vakke, waaronder baie vreemde tale, soos Engels,
Frans en Duits asook Oud-Grieks, Latyn en somtyds Hebreeus.
Dit is die beste vooropleiding vir die predikantstudie.
Pieter het die gimnasium besoek omdat hy blykbaar reeds vroeg
vir die amp van predikant gekies het. Sy ouers was ortodoks-
Protestants soos talle inwoners van Noord-Brabant en Suid-
Holland, en het hulle in Rotterdam by die Nederduits Hervormde
Kerk, tans Nederlands Hervormde Kerk genoem, aange-
sluit. Dit was die talrykste Protestantse Kerk in Nederland.
Hulle het nie Dr. Abraham Kuyper gevolg nie, toe hy hom in
1890 van die Nederduits Hervormde Kerk afgeskei het nie.

Na vyf jaar moes Pieter in 1892 die gimnasium verlaat en
vir sy eie inkomste sorg omdat sy vader sy studie nie langer
kon bekostig nie. Hy het dus nie die eindiploma behaal nie
en daaroor ongetwyfeld bitter spyt gevoel. Hy het in 'n
poskantoor te Rotterdam gaan werk. Hy het onder invloed van
ds. S. Ulfers, sedert 1888 predikant in Rotterdam, gekom. Ds.
Ulfers was 'n bekende predikant en letterkundige. Hy het
verskeie Christelike romans, o.m. "Oostloorn", drie bundels
met godsdienstige beskouings en die eerste kinderbybel in
Nederlands gepubliseer.⁸⁾ Pieter het hom in sy Sondagskool-
onderwys bygestaan. Ds. Ulfers het sy aandag gevestig op 'n
advertensie van Dr. N. Mansvelt, superintendent van Onderwys